Bok, Hond en Koei

Fabian Wakholi

Marleen Visser, Ingrid Schechter

Tristan Mark Ilsley, Helena Vilonel

2

Afrikaans af



Bok, Hond en Koei was groot vriende. Hulle het eendag in ‘n huurmotor op reis gegaan.



Toe hulle die einde van die reis bereik, het die bestuurder hulle gevra om hulle reisgeld te betaal. Koei het haar fooi betaal.



Hond het ‘n bietjie ekstra betaal, omdat hy nie die regte kleingeld gehad het nie.



Die bestuurder wou net Hond sy kleingeld teruggee, toe Bok weghardloop sonder om enigiets te betaal.



Die bestuurder was baie kwaad. Hy het weggery sonder om vir Hond sy kleingeld te gee.



Dis hoekom, vandag nog, Hond na ‘n motor hardloop om binnekant te loer op soek na die bestuurder wat hom sy kleingeld skuld.



Bok hardloop weg as hy ‘n motor hoor. Sy is bang sy sal tronk toe gaan omdat sy nie haar reisgeld betaal het nie.



En Koei is nie gepla wanneer ‘n motor aankom nie. Koei neem haar tyd om oor die pad te stap, want sy weet dat sy haar reisgeld ten volle betaal het.

Global Storybooks

globalstorybooks.net

Bok, Hond en Koei

Fabian Wakholi
Marleen Visser, Ingrid Schechter
Tristan Mark Ilsley, Helena Vilonel

CC BY